NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 19 MEI 2005

1. OPENING

1.1 Die voorsitter, ds EGJ de G Schutte, lei die opening.

1.2 Die vergadering sing Lied 212 verse 1 en 3.

1.3 Ds Schutte lees voor uit Matteus 20 : 20 – 28.

1.4 Die missionêre kerk moet in hierdie wêreld nie probeer Baas wees nie, maar Klaas. Die kerk moenie probeer beter weet nie, maar moet op sy knieë in die wêreld werksaam wees. Die kerk behoort dieselfde gesindheid as die van Jesus te openbaar, nl dié van dienskneg of slaaf.

1.5 In die wêreld werk sukses mos nou juis anders. Die suksesvolle mense het ander onder hulle wat dinge vir hulle doen. Hoe meer mense in jou diens is, hoe suksesvoller is jy. In God se koninkryk werk dit egter anders om. "Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees". In God se koninkryk moet ons mekaar se voete was, en nie mekaar se koppe nie.

1.6 Ds Schutte deel met die vergadering 'n staaltjie wat prof Pappa Kirsten tydens hulle kweekskooljare aan hulle vertel het. Prof Kirsten het in die tyd na die Tweede Wêreldoorlog vir sy doktorsgraad in Duitsland gaan studeer. Een wintersaand het hy in die bittere koue 'n entjie buite gaan stap. Daar kom hy toe op 'n man af wat besig is om die straat te vee. Hy vra hom hoe dit voel om 'n straatveër te wees. "Ek doen dit mos vir Duitsland", was die man se antwoord. Hierdie man se nederige werk het ingepas in 'n groter prentjie, en hy het dit raakgesien. Ons, die kerk van die Here Jesus, se dienswerk in die wêreld, pas ook in Sy groot prent in. Mag die kerk dit raaksien en verstaan.

1.7 Hy gaan voor in gebed.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds MF Steyn
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 Netwerkbestuurders op uitnodiging

Barmhartigheid - Dr A Oliphant- Verskoning
BNet en Liturgie - Ds BIC Steyn
Familie - Ds E Malan - Verskoning
Getuienis - Ds JH van Niekerk
Jeug - Ds WP Petzer - Verskoning
Navorsing - Prof PJ Naudé - Verskoning
Predikante - Dr JD Prinsloo
Vroue - Mev L Steyn

2.4 Hulp vir Skriba

2.4.1 Ds EH Ferreira word deur die voorsitter verwelkom as hulp vir die Skriba met die afneem van die notule.

2.5 Lief en Leed.

2.5.1 Die voorsitter spreek sy dank uit dat dr Jan Viljoen weer gesond genoeg is om die vergadering by te woon.

2.5.2 Dr Viljoen bedank almal vir hul voorbidding en ondersteuning tydens en ook na sy hospitalisasie.

2.6 Reiskostevorms

2.6.1 Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

3.1 Die volgende nuwe sake en bylae word op die sakelys geplaas:

Bylaag N by pt 5.1.1

Bylaag K by pte 5.3.2, 5.3.3 en 5.3.4

8.2 Kerkgrondverslag

10.1 Verslag Ringsbesoeke

14.2 Verslag Moderatuur: 2005-05-19 (Bylaag M)

15.1 Verslag: Netwerk vir Navorsing (Bylaag J)

16.2 Verslag Sinodale Verteenwoordiger: Algemene Sinode Predikantebediening

18.1 NGK in Oos-Kaapland: Finansiële state (Bylae L en O)

18.2 Vorm A

18.3 Aanslag Wes-Kaap Sinode

18.4 Algemene Sinode 2004 - Finale rekening

18.5 Verkoop van Sinodale Sentrum

18.6 Sinodale Kredietkaart

19.2 Aansoek vir uitstalling tydens sinodesitting – Lux Verbi (Bylaag I.1)

19.3 Uitstalruimte by sinodesitting – CLF (Bylaag I.2)

4. GOEDKEURING VAN NOTULES

4.1 SK-Dagbestuur 2005-02-03 Bylaag A

4.1.1 Besluit: Goedgekeur.

4.2 Bosberaad 2005-04-12-14 Bylaag B

4.2.1 Besluit: Goedgekeur.

4.3 SK 2005-04-14 Bylaag C

4.3.1 Besluit: Goedgekeur

5. SAKE UIT DIE NOTULES

5.1 SK Dagbest 2005-02-03 Bylaag A

5.1.1 Uitnodiging: Emeriti-Forum (pt 5.1.1) Bylaag N

5.1.1.1 Die voorsitter verwelkom ds Pieter van Taak van die Emeriti-Forum in die vergadering. Hy deel 'n verduidelikende skrywe (Bylaag N) uit waarin die sake beskryf word wat hulle graag onder die aandag van die vergadering wil bring. Ds van Taak kry die geleentheid om die skrywe puntsgewys te behandel nadat hy homself bekendgestel het. Hy beklemtoon dat baie van die sake nie net die emeriti raak nie, maar ook die predikante wat tans in die bediening is. Die volgende punte word bespreek:

1. Bestuur van die Pensioenfonds
2. Kennis van die Wet op Pensioenfondse
3. Oorskot op die Pensioenfonds
4. Die keuse om by aftrede self te besluit.
5. Voorsorg voor aftrede
6. Pensioen aan weduwees.
7. Werkgewersbydrae
8. Verskillende soorte fondse.
9. Verkiesing van trustees.
10. Oos-Kaapse verteenwoordigers.

5.1.1.2 Nadat ds van Taak die skrywe behandel het, word daar ruim tyd gegee vir bespreking. Verskillende kante van die saak word gestel.

5.1.1.3 Besluite:
(1) Kennis word geneem van die skrywe in sy geheel.
(2) Dr Jan Viljoen en ds Christo van Heerden word versoek om ondersoek in te stel na die meriete van die Emeriti-Forum se voorlegging en waar nodig daarop te reageer. Die sake waaraan die Trustees van die Pensioenfonds verdere aandag behoort te gee, moet daarheen gekommunikeer word.

5.1.2 Hulp aan die kerk in Zimbabwe (pt 5.2.3)

5.1.2.1 Kennis geneem dat die volle bedrag vir 2004 oorbetaal is

5.1.2.2 Die projek gaan voort vir 2005/6. 'n Bedrag van R60,000 word weer vir die jaar geskenk.

5.1.3 Beleidsdokument: Bestuur van ringsprojekte (pt 18.1.3.1)

5.1.3.1 Die saak staan oor tot by pt 14.1

5.2 Bosberaad 2005-04-12 - 14 Bylaag B

Geen sake voortspruitend nie.

5.3 SK 2005-04-14 Bylaag C

5.3.1 Sakelys vir die buitengewone sinode (pte 4.2; 4.3; 5.2; 5.13; 5.14; 5.15; 6.1.3, 6.5)

5.3.1.1 Die vergadering neem kennis dat die Ontwerpspan eers later dieselfde middag vergader om die sakelys vir die buitengewone sinodesitting te bespreek.

5.3.1.2 Besluit: Die volgende sake word uit Bylaag M – Notule: Moderatuur: 19 Mei 2005- na die Ontwerpspan verwys vir opname in die sakelys en kennisname: pt 3 (3.1.1 tot 3.1.5) en pt 4 (4.1 tot 4.3).

5.3.2 Uitkoop van tyd ds BIC Steyn (pt 5.7) Bylae D en K

5.3.2.1 Die saak word breedvoerig bespreek. Pte 5.3.3 en 5.3.4 het ook betrekking. Ds Christo van Heerden hanteer Bylaag K met die vergadering aangesien dit die finansiële implikasies vir die sinode uitspel rondom die saak van die uitkoop van die betrokke leraars se tyd.

5.3.2.2 Besluite:
(1) Die vergadering neem kennis van die skrywes van NGK Joubertina en NGK PE-Hoogland, asook hul oordeel oor die saak.
(2) Kennis geneem van Bylaag K.
(3) Daar word besluit om 'n ondersoek te doen na die hele sisteem. Dit sluit die uitkoop van tyd en die possamestelling by die sinodale kantoor in.
(4) Die ondersoek word verwys na 'n ad-hoc kommissie, bestaande uit di CH van Heerden, MF Steyn en drr JD Prinsloo en J Viljoen. Die ad-hoc kommissie het volmag om me Sheila Shelver te betrek indien nodig en moet by die volgende Dagbestuursvergadering terug-rapporteer.

5.3.3 Uitkoop van tyd ds DW Mouton (pt 5.8) Bylae E en K

5.3.3.1 Afgehandel by pt 5.3.2.

5.3.4 Navraag: Kerkraad Cradock-Oos (pt 5.9) Bylaag K

5.3.4.1 Afgehandel by pt 5.3.2.

5.3.5 Patmos (pt 5.11)

5.3.5.1 Indiwiduele SK-lede meld informeel hulle verneem dat die bediening in Patmos weer goed op dreef begin kom. Patmos bly 'n NG Gemeente nadat di Theuns Pienaar uit die NG Kerk bedank het en die Perisos-bediening begin het.

5.3.5.2 Besluit: Die Skriba word versoek om 'n brief te rig aan die betrokke Ring waarin die Dagbestuur se dank oorgedra word vir hul hantering van die saak. Di Kampman en Keyter moet in die besonder bedank word vir hul aandeel.

5.3.6 Nie-gelegitimeerde saakgelastigdes na Algemene Predikantebyeenkoms (pt 5.16)

5.3.6.1 Dr Viljoen deel die vergadering mee dat hy nie na die Algemene Predikantbyeenkoms wil gaan nie aangesien hy voel dat dit 'n byeenkoms vir predikante is.

5.3.6.2 Besluit : Dr Viljoen word verskoon.

5.3.7 Lux Verbi : Lisensie vir Liedboek (pt 6.3)

5.3.7.1 Die saak staan oor aangesien daar nog nie 'n antwoord ontvang is nie.

6. BEGELEIDINGSNETWERK

6.1 Ringsprojekte

6.1.1 Ds BIC Steyn lewer verslag oor die Rings-projekte. Alles loop volgens die beplanning, maar op hierdie stadium lyk dit of daar drie projekte is wat nie gaan realiseer nie.

6.1.2 Ds CH van Heerden versoek dat die goedgekeurde fondse vir die gekanselleerde Roepingskonferensie aangewend kan word vir hulp aan Patmos–gemeente.

6.1.2.1 Besluit: Goedgekeur.

6.2 Sinodale Werkswinkel 2006

6.2.1 Daar word 'n sinodale werkswinkel beplan vir 13 -16 Maart 2006. Die sake wat uit die Bosberaad na vore gekom het, soos geloofsbelydenis, tuiskoms, heiligheid, brood, families en gestuurdheid sal deur die Universiteit van Stellenbosch se Teologiese Fakulteit hanteer word op 'n teologiese en praktiese vlak.

6.2.2 Besluit: Goedgekeur.

6.4 Studietoer in die VSA

6.4.1 Ds Steyn verwys na 'n jeugbediening-studietoer in die buiteland wat betrekking het op die spesialisasieveld van ds E Malan. Ds Malan versoek dat hy fondse uit sy portefeulje by BNet kan aanwend om die koste van die studietoer te help dra.

6.4.2 Besluit : Goedkeuring word verleen dat BNet op 'n verantwoordelike wyse vanuit hulle begroting geld vir die studietoer beskikbaar kan stel.

7. BARMHARTIGHEID

Geen sake vir bespreking nie.

8. EKUMENE

8.1 UK Konvent vir Eenheid Bylaag F

8.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag F (Notule Uitvoerende komitee Konvent - dd 2005-04-11) en neem besluit.

8.1.2 Besluite:
8.1.2.1 Pte 1 - 5.4.2: Kennis geneem
8.1.2.2 Pt 5.5 - Navorsingspan Ondersoek rakende restitusie: Ds G Loots of ds D Oelofse word genader om as die NGK Oos-Kaap se verteenwoordiger te dien op die navorsing-span wat ondersoek moet doen insake restitisie.
8.1.2.3 Pte 5.6 - 10:1: Kennis geneem.

8.2 Kerkgrondverslag

8.2.1 Die DA het gegewens oor die eiendom van die NG Kerk in Oos-Kaapland nagevors.

8.2.2 Terugvoer van die ECPCC (via Graham Philpot) word ingewag om die data te sinkroniseer.

8.2.3 Die saak staan oor.

9. FAMILIE

Geen sake vir bespreking nie.

10. GETUIENIS

10.1 Verslag Ringsbesoeke

10.1.1 Ds JH van Niekerk deel die vergadering mee dat daar reeds in die ringe van Sondagsrivier en Graaff-Reinet toerusring met die oog op missionêre gemeentes gegee word.

11. JEUG

Geen sake vir bespreking nie.

12. KOMMUNIKASIE

Geen sake vir bespreking nie.

13. LITURGIE

Geen sake vir bespreking nie.

14. MODERATUUR

14.1 Notule Moderatuur: 2005-02-24 Bylaag G

14.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag G (Notule : Moderatuur - dd 2005-02-24).

14.1.2 Besluite:
14.1.2.1 Pte 1 – 2 –Kennis geneem.
14.1.2.2 Pt 3.1 – Beleid: Bestuur van Ringsprojekte – Die Konsepformule dien voor die vergadering en word goedgekeur met die byvoeging van 'n pt 3.1.1 wat lui: "Sodra die projek afgehandel is, lê die betrokke projekbestuurder / ring onverwyld 'n verslag aan die betrokke Netwerkbestuurder voor".
14.1.2.3 Pt 3.1.1.2 – Goedgekeur.
14.1.2.4 Pt 3.1.2 –Verdere oorwegings – Kennis geneem.
14.1.2.5 Pt 3.2 – Aanpassing in sinodale ritme-pte 3.2.1 – 3.2.2 – Goedgekeur.
14.1.2.6 Pt 3.2.3 – Kennis geneem.
14.1.2.7 Pt 3.3 – 3.3.1 -Kennis geneem.
14.1.2.8 Pt 3.4 – Inligtingsdag – Kerkspieël 2005 – pte 3.4.1.1 – 3.4.1.3 – Goedgekeur.
14.1.2.9 Pt 4.1 – Drywer: Algemene Predikantevergadering – pte 4.1.1.1 – 4.1.1.3 – Goedgekeur.
14.1.2.10 Pt 4.2 – Hersamestelling: Taakspan vir Kerkhereniging – pt 4.2.1 – Kennis geneem.
14.1.2.11 Pte 4.2.2.1 – 4.2.2.2 – Goedgekeur.
14.1.2.12 Pt 4.3 – Visionêre Taakspan – pt 4.3.1 – Kennis geneem.
14.1.2.13 Pt 4.3.2 – Goedgekeur.
14.1.2.14 Pt 4.4 – Oos –Kaapse gesprek met kerkrade re kerkhereniging – pt 4.4.1 – Kennis geneem.
14.1.2.15 Pt 4.4.2 – Goedgekeur.
14.1.2.16 Pt 4.5 Ringsfondse – Pte 4.5.1 – 4.5.2 – Kennis geneem.
14.1.2.17 Pt 4.6 Terugvoer : Begrotingsimplikasies – pte 4.6.1 – 4.6.2 – Kennis geneem.
14.1.2.18 Pte 4.7 en 5 – Kennis geneem.

14.2 Notule : Moderatuur : 2005- 05-19 Bylaag M

14.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag M (Verslag Moderatuur - dd 2005-05-19).

14.2.2 Besluite:
14.2.2.1 Pte 1 – 2 – Kennis geneem.
14.2.2.2 Pte 3 – 3.1.5 – Goedgekeur en is reeds by pt 5.3.1.2 (hierdie notule) verwys na die Ontwerpspan.
14.2.2.3 Pte 4 – 4.3 - Goedgekeur en is reeds by pt 5.3.1.2 (hierdie notule) verwys na die Ontwerpspan.
14.2.2.4 Pt 5 – Patmos – Kennis geneem.
14.2.2.5 Pt 6 Prioriteite vir die Kerkverband - Pte 6.1 – 6.1.2.3 – Kennis geneem.
14.2.2.6 Pt – 6.2.1 – Kennis geneem.
14.2.2.7 Pt – 6.2.2 – Goedgekeur.
14.2.2.8 Pt 7.1 – Finansies van die sinode – 7.1.1 Die DL Finansies, ds CH van Heerden, sal 'n verslag opstel oor die finansiële state 2004/5 wat dan saam met die inkomstestaat en balansstaat in die sakelys ingebind sal word. Van die volledige state sal daar 10 kopieë by die Sinodesitting beskikbaar wees. Vooraf word die finansiële state na elke Ringskriba gestuur per e-pos. – Goedgekeur.
14.2.2.9 Pte 7.1.2 – 7.1.3 – Goedgekeur.
14.2.2.10 Pt 8 – Kennis geneem.

15. NAVORSING Bylaag J

15.1 Die vergadering bespreek Bylaag J (Net-werk vir Navorsing : Interim Verslag : Jan – April 2005 - ongedateerd)

15.1.1 Besluit: Van die verslag word in sy geheel kennis geneem.

16. PREDIKANTE

16.1 Algemene Predikantebyeenkoms

16.1.1 Dr JD Prinsloo deel die vergadering mee dat 89 Oos-Kaapse predikante uit 'n totaal van 135 reeds ingeskryf het om na die Algemene Predikantebyeenkoms te gaan.

16.1.2 Kennis geneem.

16.2 AS Werkgroep vir Predikante-bediening

16.2.1 Dr Prinsloo doen kortliks verslag oor hierdie vergadering.

17. VROUELIDMATE

Daar is geen sake vir bespreking nie.

18. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

18.1 Finansiële State 2004/5 Bylae L&O

18.1.1 Die finansiële state van die sinode (Bylaag L) word aan die vergadering voorgehou en toegelig deur Mnr van der Mescht en Me Gouws van Wolmarans Kruger – Geoktrooieerde Reken-meesters. Interessante tendense word vir die vergadering uitgelig met behulp van 'n Power-point-aanbieding. Bespreking word gevoer.

18.1.1.1 Besluit: Die state word goedgekeur.

18.1.3 Die Bestuursbrief (Bylaag O - ongedateerd) word ook deur Mnr van der Mescht met die vergadering behandel. Bespreking word gevoer oor die opmerkings en die aanbevelings.

18.1.3.1 Besluite:
(1) Trust en Reserwefondse:
Aanbevelings by pt 1 a en b – hierdie sake word aangespreek in die finansiële verslag aan die komende sinode.
(Vergelyk ook pt 14.2.2.8.)
(2) Algemene opmerkings: Aanbevelings by pt 2 – Kennis geneem.

18.1.4 Dr Viljoen wys in 'n verduidelikende opmerking daarop dat daar nie meer as 75% van die rente-opbrengs gebruik is om uitgawes mee te delg nie, aangesien die okkupasiehuur van die sinodale sentrum as beleggingopbrengs vir hierdie doel in berekening gebring word.

18.2 Vorm A

18.2.1 Ds JM Wolmarans het navraag gedoen oor die uitbreiding van Vorm A om finansiële gegewens te reflekteer. Hierdie gegewens word wel op Vorm B getoon. Die DA rapporteer dat hy die saak met ds Wolmarans opgeneem het en dat die saak uitgeklaar is. Ds Wolmarans is tevrede.

18.3 Aanslag Wes-Kaap Sinode

18.3.1 Die DA rapporteer dat die Oos-Kaap 'n aanslag van R 208,000 as haar aandeel aan die Wes-Kaapse begroting ontvang het. Na onderhandelende gesprek is 'n Oos-Kaapse aanbod van R168,211 aanvaar. Die bedrag sal uit surplusfondse betaal word.

18.3.2 Besluit: Die betaling word goedgekeur.

18.4 Algemene Sinode 2004 - Finale rekening

18.4.1 Die DA deel die vergadering mee dat daar 'n finale rekening rakende die Oos-Kaapse aandeel aan die koste van die Algemene Sinode 2004 ontvang is. Daar moet nog R41 501,73 inbetaal word op die egalisering van die reiskoste. Die totale koste vir die Oos-Kaap beloop dus R168,947. Hiervoor is reeds R35 000 begroot en die res sal uit die surplusfondse betaal word.

18.5 Verkoop van Sinodale Sentrum

18.5.1 Die verkooptransaksie is nou gefinaliseer en die oordrag het plaasgevind. 'n Bedrag van R3,469,768 is ontvang. Die Sinode se beleggingskonsultante sal die DA se kantoor met voorstelle bedien.

18.5.2 Besluit: Wat die hantering van beleggingsbesluite betref, sal die DA die lede van die Dagbestuur in die toekoms deur middel van e-pos konsulteer.

18.6 Sinodale Kredietkaart

18.6.1 Die vergadering bespreek die voordele van 'n sinodale kredietkaart, byvoorbeeld ten opsigte van internet-betalings van vlugkaartjies. Betekenisvolle bedrae kan op hierdie manier bespaar word.

18.6.2 Besluit: Die vergadering keur die gebruik van 'n Sinodale Kredietkaart goed. Die DA se kantoor sal telkens die DL Finansies se magtiging vir kredietkaartbetalings verkry.

19. KORRESPONDENSIE

19.1 Skrywe van Geopende Deure re spreekbeurt Bylaag H

19.1.1 Besluit: 'n Spreekbeurt tydens 'n pouse by die buitengewone sinode word toegestaan aan mnr Mike Burnard van Geopende Deure.

19.2 Aansoek vir uitstalling tydens sinodesitting – Lux Verbi Bylaag I.1

19.2.1 Besluit: Lux Verbi se aansoek word goedgekeur.

19.3 Uitstalruimte by sinodesitting – CLF (Bylaag I.2)

19.3.1 Besluit: Die aansoek om uitstalruimte word goedgekeur, en die aanbod om lêers en ander skryfbehoeftes te skenk, word aanvaar. 'n Video van 3 minute word ook tydens die sinode vertoon.

20. ANDER SAKE

Geen ander sake nie.

21. VOLGENDE VERGADERINGS

21.1 Die SK-Dagbestuur vergader op 27 Oktober 2005.

21.2 Die SK vergader op 28 Julie 2005 om 14:00 (net na afloop van die buitengewone sinode).

22. AFSLUITING

22.1 Ds MF Steyn sluit die vergadering met gebed af.